

# Ontgogel deur die Internet?

# Laat Google jou help

STEFAN WEHMEYER
**Assistentdirekteur: Steundienste**

Een van die beste, indien nie dié beste soekenjin op die Internet is *google.com*. Hierdie soekenjin staan kop en skouers uit bo die res, want nie net is dit die grootste soekenjin en van die maklikstes en vinnigstes nie, maar roem hulle daarop dat hulle ook die sogenaamde 'hidden' web ontsluit. Die 'hidden' web is inhoud van die Internet wat die algemene publiek nie kan vind deur van standaard soekenjins gebruik te maak nie. (Gaan lees meer oor die 'hidden' web by *princeton.lib.nj.us/webcentral/invisibleweb*.)

Google se voortreflikheid om die 'hidden' web te deursoek, kan geïllustreer word met die volgende voorbeeld. Om al die artikels op te spoor wat die uwe al geskryf het sedert die **KB** 'n elektroniese baadjie aangetrek het, het my twee stappe (net een stap nadat ek die artikel geskryf het) en 'n paar sekondes geneem. En nie net was my artikels te vinde in portable document formaat (PDF) formaat waarin die elektroniese **KB** verskyn nie, maar was daar ook 'n opsie om die artikels in hyper text markup language (HTML) te lees.

Die naam Google is 'n woordspeling op die woord googol. Die term googol is uitgedink deur 'n ene Milton Sirotta om te verwys na die nommer wat verteenwoordig word deur een gevolg deur 'n 100 nulle. Nog 'n interessantheid is dat Google maar nog net vier jaar oud is. Dit is gestig deur Larry Page en Sergey Brin.

Wat lekker is van Google is die feit dat hy Afrikaans praat. Die tuisblad van Google verskaf 'n skakel na Preferences (voorkeure). Kliek net hierop en stel die Interface Language (vertoontaal) op Afrikaans. Afrikaans en Engels is die enigste Suid-Afrikaanse tale waarin 'n mens op Google kan soek, maar as jy wil hê dat Google enige van die ander nege amptelike tale praat, kan jy as jy 'n amptelike vertaler is, daarvoor aansoek doen.

Google se slagspreuk in Afrikaans is *Besig om te soek deur 3 083 324 652 webbladsye* - en dis baie!!!!

## *Die basiese Google soektog*

Om iets vir Google te vra is maklik. Tik net 'n paar beskrywende woorde in en slaat daai enter knoppie of kliek op die Google-soektog knoppie en binne 'n paar sekondes verskaf Google 'n lys van relevante webbladsye. Omdat Google slegs webbladsye verskaf wat **al** die woorde in jou navraag insluit, is dit maklik om jou soektog te verfyn deur net eenvoudig meer soekterme by te voeg, byvoorbeeld, 'haunted places in United States' lewer 60 000 resultate en nadat 'n mens die woord Washington bygevoeg het, het dit darem verminder na 10 000!

## *Hoe om soekterme te kies*

Dit is net so eenvoudig as om 'n koekresep te volg! Vir die beste resultate kies jou sleutelwoorde (bestanddele) oordeelkundig.

Eerstens, maak tog seker van die spelling van 'n woord en daai ewe lastige vingerfoutjies. Kyk net wat gebeur toe ek oorhaastig my naam ingetik het: Geen resultate nie en sien net wat sê Google alles vir my: Jou soektog - **stefan wehmeyert** - kom nie in enige dokumente voor nie.

Ons kon geen bladsye met '**wehmeyert**' opspoor nie. Voorstelle:

- maak seker al die woorde is reg gespel
- probeer ander soekwoorde
- probeer algemener soekwoorde
- probeer minder soekwoorde.

Onthou die meeste van die web is in Engels. Gebruik dus eerder Engelse as Afrikaanse soekterme. Probeer dan om die mees logiese eerste te gebruik. As jy inligting oor skilders soek, gebruik eerder 'Willie Bester' as 'painters'. Gebruik neutrale terme wat gewoonlik op webwerwe verskyn: 'luxury hotel Rio' sal beter resultate kry as 'really nice places to spend the night in Rio'. Gebruik spesifieke sleutelwoorde 'antique lead soldiers' sal meer relevante soekresultate kry as 'old metal toys'.

Google is so gestel dat dit net bladsye opspoor wat al jou soekterme bevat. Dis nie nodig om 'n 'and' tussen terme in te sit nie. Om 'n soektog verder te beperk, sit net meer terme in. Om 'n vakansie in die VSA te beplan, tik net in 'vacation USA' en om dit verder te beperk na 'n vakansie in Florida, tik net die woord Florida by.

## *Algemene woorde en karakters*

Google ignoreer algemene woorde en karakters soos 'where' en 'how' asook sekere enkel lettergrepe en enkel letters omdat dit die soekproses vertraag. Google dui dit egter aan met 'n boodskap 'Ons het nie die woord "**of**" by die soektog ingesluit nie,

want dis 'n baie algemene woord.' Indien 'n algemene woord wel nodig is vir 'n soektog, sluit dit in deur 'n + teken vooraf te sit (onthou net om 'n spasie voor die + teken te maak). 'n Ander maklike en hoogs aanbevole metode is natuurlik om 'n frase soektog te doen, wat beteken dat aanhalingstekens " " gebruik word buite die soekterme. Byvoorbeeld, om vir die eerste episode van Star Wars te soek, gebruik: Star Wars Episode +1 of "Star Wars Episode 1".

### Hoof- en kleinletters

Google soektogte is nie hoof- en kleinletter sensitief nie. Alle letters, maak nie saak hoe jy dit getik het nie, word as klein lettertjies geïnterpreteer. Met ander woorde "Nelson Mandela" "nelson mandela" en "NeLsOn MaNdeLa" sal presies dieselfde soekresultate lewer.

Om die mees akkurate soekresultate te lewer, gebruik Google nie woordverkortings of wild cards nie. Met ander woorde, Google soek presies waarvoor jy vra. 'n Soektog vir 'googl' of 'Googl' sal nie 'googler' of 'googling' oplewer nie. As jy egter twyfel, gebruik beide vorms van 'n woord, byvoorbeeld, 'airlines' en 'airline'.

### Kategorieë

Nog 'n goeie wenk is om per kategorie te soek. Veral as jy te doen het met 'n soekterm wat twee betekenisse het, soos die woord saturn wat verwys na 'n kar of 'n planeet. Hiervoor moet jy op gids kliek en eers na die kategorieë kyk alvorens jy begin soek. Google verdeel onderwerpe volgens 16 hoofonderwerpe met verdere indelings. 'n Soektog by Science › Astronomy verskaf inligting oor die planeet, terwyl Recreation › Autos net inligting verskaf oor motorkarre.

## Gevorderde soektogte

Google maak ook voorsiening vir gevorderde soekopsies. Deur die toevoeging van 'operators' kan soekterme verder verfyn word, met die resultaat natuurlik 'n beter produk. Ek sê mos dis so maklik soos koekbak!

### Leestekens

Ons het alreeds gekyk na die gebruik van die **+** teken en die **" "** tekens. Die frase soektog is nogal veral nuttig as 'n mens soek na beroemde aanhalings of eiename. Met Stefan Wehmeyer sonder die aanhalingstekens kry jy 1 380 verwysings, met ander woorde, Google het al die verwysings opgespoor waarin die woorde stefan en wehmeyer voorkom. Met die aanhalingtekens egter is daar net 63 verwysings. En nee, ek het darem nie al so baie artikels vir die **KB** geskryf nie. Iewers in Duitsland sit, onder andere, 'n kerkbroeder van Kassel, 'n ingenieur en 'n model motorrenjaer met presies dieselfde name as ek!

Die **-** teken kan ook gebruik word met woorde wat dieselfde geskryf word, maar verskillende betekenisse het. Soos, byvoorbeeld, Bass wat verwys na 'n vis of musiek. As jy net die visse wil vang stel jou net deur die volgende te doen: "bass -music".

Google ondersteun die operator OR. As jy, byvoorbeeld, vakansie wil gaan hou en nog nie kan besluit of dit dié jaar Parys of Londen gaan wees nie, soek onder "vacation London OR Paris".

Baie handig is 'n soektog wat tot 'n domein beperk word. Met so 'n soektog soek jy dan binne 'n spesifieke webwerf. My enigste claim to fame (tot op hede, natuurlik) is die paar artikels wat ek vir die **KB** geskryf het. 'n Soektog stefan wehmeyer site: www.westerncape.gov.za lewer dan 'n baie akkurate lys op van artikels wat die uwe geskryf het.

### Gevorderde soekopsies

Verdere gevorderde soekopsies van Google is: Taal - spesifiseer die taal waarin jy soek; Datum - beperk jou soektog tot die afgelope 3, 6 of 12 maande; Voorkomsgebied - spesifiseer waar jou soekterme voorkom op die bladsy, titel of in die Universal Resource Locator (URL); Domein - deursoek slegs 'n spesifieke webtuiste of sluit daai tuiste uit van jou soektog; en Safesearch - wat gebruik kan word om ongewenste materiaal onopgespoor te laat bly.

## Klaar gesoek?

Dit hou egter nie hier op nie. Die koek moet nog versier word. En dan die kersie op die koek is Google se 'customise' eienskappe. Soos reeds genoem, praat Google van Afrikaans na Baskies, na Bork, bork, bork! na Elmer Fuddies na Okkitaans en selfs 'Pig Latin'. Altesame is daar 90 tale om van te kies. Google doen ook vertalings van webbladsye vanaf Italiaans, Frans, Spaans, Duits en Portugees na Engels. So, as jou resultaat 'n nie-Engelse webblad oplewer is daar 'n opsie om 'n Engelse weergawe te sien.



Google is gestel om net tien resultate per bladsy te lewer, maar jy kan dit stel om tot 'n 100 per bladsy te verskaf. Jy kan ook Google instel om jou resultaat in 'n nuwe venster oop te maak. Dit is veral aan te beveel as jy die oorspronklike hoof soekblad wil behou. Om al die verstellings te doen kliek net op voorkeure op die Google tuisblad.

## Ander eienskappe

So dikwels soek 'n gebruiker 'n prentjie van iets, en veral skoolkinders wil gereeld 'n prent of twee vir hulle skooltake hê. Geen probleem nie. Stel net vir Google na Prente en glo my, soek maar net vir ons beroemde Tafelberg "table mountain" en sien wat jy alles kry.

Is jy 'n ou groupie vir een of ander saak? Google maak ook voorsiening vir die soek deur groepe. Dis nou besprekingsgroepe oor enige onderwerp op die planeet. Die hele web kan mos somtyds ontaard in 'n wêreldwye kletsforum en as jy wil sien wat het Jan Alleman te sê oor onderwerpe van die politiek in Holland tot angsgevoelle tot die resep van 'n wortelkoek, kliek dan net op groepe.

Die standaardtaal van die Internet is HTML. Baie dokumente is egter is 'n ander formaat soos ons tydskrif wat net in PDF formaat verskyn. Google vind ook vir die gebruiker webbladsye in 12 formate, waar onder, Microsoft Office, PostScript, Corel, Lotus 1-2-3 en andere.

Voel jy so aan jou bas dat die eerste webblad wat Google gaan vind, net die een is waarna jy soek? Kies dan Kansvatterkortpad. Byvoorbeeld, om die tuisblad te vind vir Telkom, tik net eenvoudig die woord Telkom in en kliek op daai kansvatterkortpad ikoon. Dit werk hoor! Het dit self getoets!

Dit dan mense is Google. Eerder om lukraak deur die Internet te ploeter en om later soos 'n ou 404 (website not found) te voel, gebruik eerder 'n betroubare soekenjin soos Google. En jy kan maar die oonddeur so 'n bietjie oopmaak terwyl die koek bak en so hier en daar druk. Jou koek sal nooit plat val nie!